

18 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 10:1-11

Fokusgedeelte: Openbaring 10:10

## Verteer die Woord van God

Daar is geen tyd meer nie. Dit is die eed waarmee die sterk engel die mensdom konfronteer. Hierdie engel praat met gesag. Hy is omhul deur 'n wolk, die teken van God se teenwoordigheid. Hy kom uit die teenwoordigheid van die enigste lewende God wat oor alles regeer.

Die engel wat sy mag toon deur op die see sowel as land te staan, hou 'n boekie in sy hand. Die stem wat Johannes beveel om die uitsprake van die sewe donderslae geheim te hou, gee aan hom die opdrag om die oop boek uit die sterk engel se hand te gaan haal. Hierdie boek is belangrik, dit bevat 'n boodskap uit die hemel vir die kerk van Christus op die aarde in die tyd van groot verdrukking.

Die engel gee die boekie aan Johannes met die opdrag om dit te eet, in die mond sal dit so soet soos heuning wees, maar in die maag bitter. Vir Johannes was die inhoud van die boodskap vanuit die hemel heuningsoet (vgl. ook Eseg 2:9 – 3:3 en Jer 15:16), maar die uitwerking daarvan het 'n bittere nawerking gehad. Die uitvoering van Johannes se opdrag het vir homself negatiewe gevolge gehad. Die boodskap wat hy volgens vers 11 moes gaan verkondig, word teengestaan en verwerp, en dit lei tot vervolging en kan selfs tot die dood van die getuie vir Christus lei.

Daarom die versekering deur die engel, die tyd is min. Neem die wonderlike boodskap, liewe geloofsgenoot, die boodskap dat daar verlossing deur Jesus Christus aan die kruis bewerk is en gaan verkondig dit aan volke, nasies en tale, al hou dit persoonlike bedreiging en vernedering in. Die Gees wat hierdie boodskap in die Woord laat opneem het, sal jou ook versterk in moeilike tye, Gaan, die tyd is min!

Sing: Skrifberyming 6-1:2

Dr FG Minnie (Pastorale Berader, Cachet)